

## PREEK 21 JANUARIE 2018

**TEMA: Laat U wil geskied.**  
**TEKS: Matt 6:10, Joh. 6:38**

Ingewikkeld en eenvoudig is deel van God se skeppingswerk. Daar is steeds egter baie raaisels in die natuur wat die wetenskap ontwyk. Genadiglik het God die mens 'n verstand gegee waarmee hy reeds baie antwoorde gekry het op sake wat vroeër in misterie gehul was.

So het God ook die sluier oor Homself gelig. In die lig van Sy openbaring van Homself soos verwoord in die Bybel weet ons Hy is die Skepper/Eienaar & Onderhouer van Sy skepping. Hy het die skepping gemaak om Hom te eer, loof, prys, aanbid en te dien. In Ps 19: 1-7 lees ons;

Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

Die hemel **getuig** van die mag van God, die uitspannel **maak** die werk van sy hande **bekend**.

Die een dag **gee die berig deur** aan die ander en die een nag **deel die kennis** aan die volgende mee.

**Sonder spraak** en **sonder woorde, onhoorbaar** is hulle stem.

Tog **gaan** daarvan 'n **boodskap uit** oor die hele wêreld en hulle **taal** bereik die uithoeke van die aarde. Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan.

As hy stralend begin om sy baan te volg, is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom.

Aan die een kant van die hemel kom hy op en aan die ander kant gaan hy onder, en niks ontkom aan sy gloed nie.

**Dit was en is en sal vir ewig Sy enigste wil wees. So was dit vanaf die begin van die skepping af.** Die mens as die kroon van die skepping is die enigste wat dit in woorde kon formuleer, musiek komponeer, en kunswerke skep om dit te vier en te bely. Rom. 1:19-20 sê

Wat 'n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring.

Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie,

Nie net op aarde, maar ook in die hemel sê die Bybel is God van die begin af deur al die hemelwesens geëer, geloof, gedien en aanbid as die ewige Koning op die troon. In sy hemelvisioen sien en hoor Jesaja dit. (Jes. 6:1-3)

In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kleed het die tempel gevul.

By Hom was daar serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg.

Die serafs het mekaar telkens toegeroep: "**Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.**" (Vg look Openb. 4-5).

Toe die mens sy oor vir Satan uitleen en dié hom mislei dat hy soos God sal word as hy van die boom van kennis eet, het die teendeel waar geword. Hy het "blind" geword en kon God van toe af nie meer in die skepping sien nie. Hy het "doof" geword en kon God nie meer hoor praat nie. Sy verstand is met 'n sluier bedek en

hy kon nie God se skeppingsdoel en Sy wil onthou en/of begryp nie. Toe word vrees sy waghond (Gen 3:8, 10) en het die stryd om selfbehoud, eie belang, magswellus, stryd en konflik die hele aarde soos 'n vuurgloed verskroei en in ellende gedompel. Die mens het God op aarde onttroon en in hoogmoed self die stuur van sake volgens eie-belang beginsels oorgeneem. Toe was dit net nog in die hemel waar Sy wil geken en beoefen is: lofprijsing, aanbidding, eerbetoning, gehoorsaamheid en diensbaarheid aan Hom, die Koning op die troon.

In Sy genade het God die mens kom opsoek. Die woorde "**waar is jy**" (Gen 3:9) lei die opsoek-wees na die bevreesde, misleide en met skuld belaaide mens in. Met Abraham se roeping maak God hardop bekend dat hy seën vir die hele wêreld in die oog het – dié seën wat ten doel het om God weer te kan sien, hoor en beleef sodat dankbare onderwerping Hom weer kon terugverwelkom as die koning op die troon. In die 10 gebooië skryf God Sy wil op klip en roep en rus priesters toe om dit vir die volk te leer.

Telkens het die volk van die Here afgedwaal, verduidelik Paulus:  
(Rom 1: 21-23)

omdat, al weet hulle van God, hulle Hom **nie** as **God eer en dank** nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle **gebrek aan insig** bly hulle in die duister.

Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is **dwaas**.

In die plek van die heerlijkheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange.

(Rom 3:12-18)

"Almal het **afgedwaal**, almal het **ontaard**. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie.

"Hulle keel is 'n oop graf, met hulle tonge bedrieg hulle. Oor hulle lippe kom woorde so giftig soos slange,

hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.

"Hulle voete is vinnig om bloed te vergiet.

Hulle laat 'n spoor van verwoesting en ellende agter.

Die pad van vrede het hulle nie leer ken nie,

**ontsag vir God het hulle** nie. "

Toe stuur God Sy Eniggebore Seun, Jesus Christus. Hy moes die mens kom help om weer die wil van God te snap. In Joh. 6:38-39 verduidelik Jesus self die rede vir sy koms:

**Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.**

En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan.

Alles wat Jesus gedoen en gesê het, was daarop gemik om te demonstreer dat God geëer, geloof, aanbid, gedien en gehoorsaam moet word. So was dit aan die begin en so is dit steeds in die hemel. So moet dit van nou af ook weer op aarde wees. In die tuin van Getsémané worstel Hy met die vraagstuk waarmee ons elkeen worstel –

my wil of God se wil! Dan gee Hy Sy wil oor en word Hy gekruisig. Toe sterf die SELF, want Hy buig voor die wil van die Koning op die troon. En die wil van Hom op die troon is dat alle sondaars gered word sodat hulle God weer soos aan die begin kan eer, loof dien en gehoorsaam. Deur sy totale onderwerping aan God se wil plaas Jesus God op aarde weer terug op die troon. Hy is weer Koning. Met Sy opstanding en hemelvaart beloon God Christus se selflose gehoorsaamheid. Sedertdien tree Jesus as Hoëpriester vir ons, wat in navolging van Hom onself aan God se wil onderwerp, biddend in (Rom 8:34; Hebr. 4:14-16). Hy het die Heilige Gees gestuur om ons te help glo (2 Kor. 4:13) en om God se wil te begeer en uit te voer (Fil 2:9-10).

Die Gees verwyder die sluier van ons verstand (2 Kor. 3:18), help ons om God weer te sien, Hom te hoor en van Sy goedheid te getuig. Nou is Gog se wil nie meer op klip, maar deur die Gees op ons harte geskryf (2 Kor. 3:3). So word die gebed wat Jesus Sy dissipels leer bid het: "laat U wil ook op aarde geskied net soos in die hemel" (Matt 6:10) verhoor. So herontdek ons ons roeping; nl. dat Jesus ons na 'n wêreld wat blind, doof en verward is, stuur om soos Hy rolmodelle te wees van wat dit beteken dat God in lewe en sterwe koning van ons hele lewe is (Joh 17:4). Waar God as Koning gekroon word, verdwyn vrees, maak vyandskap plek vir broederskap, keer chaos terug na orde/harmonie, vind die mense weer sin vir sy lewe en kom daar harmonie tussen hemel en aarde.

Vandag praat die Here met elkeen van ons as Hy vra;

- \* Waar is jy?
- \* Het jy my lief met jou hele hart, siel, verstand en al jou kragte?
- \* Kan jy met sekerheid sê wat Jesus met Sy koms gesê het: ek is hier nie ter wille van myself nie, maar ter wille van Hom wat my gered, groep en gestuur het.

Sy een begeerte is om ook vir my en vir jou soos vir Saggeüs te sê: vandag wil ek My by jou tuismaak; Wanneer ek en jy in ons eie Getsémané kom en worstel, dan worstel ons nou nie meer alleen nie. Die Heilige Gees worstel saam met ons (Rom 8:26), Jesus pleit vir ons (Rom 8:34) en as medegelowiges motiveer ons mekaar (Hebr. 3:13), help dra ons mekaar se laste (Gal 6:2), help ons mekaar op die regte pad (Rom 15:14) en moedig ons mekaar aan (1 Thes 5:11). Daarom is die **Onse Vader** 'n gebed wat **ons saam** bid: "ONSE Vader.....So bid ons vir onself en vir mekaar.... So help ons mekaar om saam voor die troon die knie te buig in alles wat ons sê en doen.

AMEN